

1 Mei

Rigters 13:1-14:20

Oordenking: Simson. (Rigters 13:5)

Simson sou 'n Nasireër wees, dit wil sê iemand wat 'n eed neem om vir God afgesonder en aan Hom toegewy te lewe. Sy ouers het daardie belofte namens hom gemaak. So 'n belofte was gewoonlik van 'n tydelike aard, maar in Simson se geval sou dit vir sy hele lewe geld. Omdat hy 'n Nasireër was, kon hy nie sy hare afskeer nie, hy kon nie aan 'n lyk raak, of enige sterk drank drink nie.

Hoewel Simson se oordeelsvermoë soms maar gebrekkig was en hy gruwelike sondes gedoen het, het hy ook vir sy volk baie gedoen as hy hom vir God afgesonder het. Hy was in daardie opsig baie soos die volk van Israel: solank hulle hul vir God afgesonder en so geleef het, het dit met hulle goed gegaan, maar elke keer as hulle die Here geïgnoreer het, het hulle gruwelike sondes begin doen.

Die Engel van die Here het vir Manoag se vrou gesê dat haar seun sou begin om die volk van Israel uit die mag van die Filistyne te verlos. Hulle - die Filistyne - sou eers in Dawid se tyd finaal verslaan word (2 Samuel 8:1). Die oorwinnings wat Simson oor hulle behaal het, was maar net die begin, maar dit was beslis belangrik. Dit was ook die taak wat die Here aan hom opgedra het. Volg Hom getrou, selfs al kan jy nie altyd dadelik resultate sien nie, want jy begin dalk met 'n baie belangrike taak wat uiteindelik deur ander afgehandel sal word.

2 Mei

Rigters 15:1-16:31

Oordenking: Simson en Delila. (Rigters 16:3)

Simson was reeds van geboorte af vir diens aan God afgesonder. Hy was egter nie altyd getrou aan sy belofte nie, hy het meer en meer op sy eie krag staatgemaak en dus al hoe minder op God vertrou. Ons sien dus dat die Gees van God nêrens genoem word as hy die stadspoort van Gasa se deure met kosyne en al uitruk nie (Rigters 16:3). In die verlede, is dit elke keer die Gees van die Here wat hom in staat gestel het om sy geweldige krag in Sy diens te gebruik (Rigters 14:6, 19; 15:14).

As ons sukses behaal met ons Godgegewe talente en gawes, moet ons nooit vergeet waar daardie vermoëns vandaan kom nie en ons mag ook nooit die doel met daardie gawes uit die oog verloor nie. Ons sien immers wat met Simson gebeur het toe hy dit vergeet het (Rigters 16:20, 21). Ons moet altyd onthou dat ál ons gawes, talente en vermoëns van God af kom.

3 Mei

Rigters 17:1-18:31

Oordenking: Die afgode van Miga. (Rigters 17:2)

Miga en sy ma het goed en vroom voorgekom. Hulle wou die Here dalk opreg aanbid, maar hulle was ongehoorsaam aan Hom deurdat hulle voorwaardes wou stel vir die wyse waarop hulle Hom wou dien. In die tyd van Miga het almal eenvoudig gedoen wat reg was in hulle eie oë (Rigters 17:6). Dit stem baie ooreen met die gesindheid wat vandag in die wêreld die bo-toon voer.

God het egter vir ons sekere maatstawwe gegee - Hy het dit nie maar sommer aan óns oorgelaat om self te besluit wat reg is nie. As Sy bevele vir ons 'n ernstige saak is en ons dit elke dag deel van ons lewe maak, kan ons losbreek van die gesindheid van die wêreld. Onafhanklikheid en selfvertroue is wel positiewe eienskappe, maar net solank ons dit binne die raamwerk van God se standarde openbaar.

4 Mei

Rigters 19:1-20:48

Oordenking: 'n Leviet en sy byvrou. (Rigters 19:1-21)

Wat beteken hierdie tragiese verhaal? Dit beteken dat die Israeliete se volkseenheid verdwyn het toe hulle geloof in God verdwyn het. Hulle kon die hele land in besit geneem het, as hulle maar net aan God gehoorsaam wou wees en wou glo en vertrou dat Hy Sy beloftes sou nakom. Maar elke keer as hulle opgehou het om Hom deel van hulle lewens te maak, het hulle hul goddelike doel uit die oog verloor, en dan het elkeen kort voor lank maar weer gedoen wat reg was in sy eie oë (Rigters 21:25). Elke keer as hulle onwillig was om God se leiding te aanvaar, het hulle tot dieselfde vlak as die slegte nasies om hulle gedaal. Hulle eie standarde en maatstawwe, wat tot hulle eie voordeel moes strek, was immers baie laer as dié van God. As jy God uit jou lewe uitsluit, sal selfs jý geskok wees oor die verskriklike dinge waartoe jy in staat is (Rigters 19:30).

5 Mei

Rigters 21:1-Rut 1:22

Oordenking: Uit Betlehem na Moab toe en terug. (Rut 1:16)

Rut was 'n Moabiet, tog het haar herkoms haar nie verhinder om die ware God te aanbid nie. Dit het God nie verhinder om haar aanbidding te aanvaar en haar wonderlik te seën nie. Die Jode was nie die enigste mense wat Hy liefgehad het nie, hoewel Hy hulle uitverkies het as die volk waardeur die hele wêreld Hom sou kon ken. Dit het 'n werklikheid geword toe Jesus Christus as 'n Jood gebore is - want deur Hom kan die hele wêreld God leer ken. Daar staan in Handeling 10:34 dat die Here nie onderskeid maak nie, maar elkeen wat Hom aanbid, aanvaar. Hy werk ook deur alle mense, wat hulle ras, nasionaliteit of geslag ook al mag wees. Rut is 'n goeie voorbeeld van God se onpartydigheid. Sy het wel gekom uit 'n volk wat dikwels deur die Israeliete verag is, en tog is sy wonderlik geseën omdat sy so getrou was. Sy het koning Dawid se oumagrootjie geword, en Jesus is ook uit háár nageslag gebore.

6 Mei

Rut 2:1-4:22

Oordenking: Die ontmoeting tussen Boas en Rut. (Rut 2:7-9)

Rut se werk was uitputtend en miskien selfs vernederend, maar sy het dit nogtans getrou gedoen. Wat is jou gesindheid as die taak wat aan jou opgedra word, jou nie die geleentheid bied om al jou potensiaal te benut nie? Die taak waarvoor ons te staan kom, is dalk al waartoe ons in staat is of dalk is dit die werk wat God wil hê ons moet doen. Dit kan selfs, soos in Rut se geval, 'n toets wees om ons ware karakter te bepaal, een waardeur ons nuwe geleenthede gebied gaan word. Rut het nie net besluit om te werk nie, maar sy hét ook baie hard gewerk. Daar kom tye in die lewe wanneer ons nie 'n ander keuse het as om hard te werk en min te slaap nie. Boas het haar harde werk raakgesien. As sy te trots was om are agter die snyers op te tel, sou sy hom nooit ontmoet het nie, sou haar lewe nie ingrypend verander het nie, en sou sy ook nie deel geword het van 'n koning én die Messias se geslagsregister nie.

7 Mei

1 Samuel 1:1-2:36

Oordenking: Hanna kom haar gelofte na. (1 Samuel 1:24, 25)

Om haar gelofte na te kom het Hanna dit wat vir haar die heel kosbaarste en dierbaarste op aarde was, naamlik haar seun, prysgegee, want sy het hom na die tempel geneem en hom daar, in Eli se sorg, gelaat om tempeldiens te doen. Toe Hanna haar seun aan God gegee het, het sy haar hele lewe, ook haar toekoms, aan Hom gewy. Aangesien Samuel van God gekom en in werklikheid 'n direkte antwoord op haar gebed was, het sy hom nie regtig prysgegee nie. Nee, sy was eerder besig om die seun aan God terug te gee wat Hy vir 'n rukkies in haar sorg geplaas het. Ons leer hier meer omtrent die aard van die gawes wat ons aan God moet gee. Vra ons gawes maar min van ons, soos byvoorbeeld net 'n Sondagmôre en 'n "gerieflike" bydrae? Of verg ons gawes opoffering van ons? Is die dinge wat jy vir God gee, blote "vriendskapsbewyse", of gee jy jou hele lewe vir Hom?

8 Mei**1 Samuel 3:1-4:22****Oordenking: God openbaar Hom aan Samuel. (1 Samuel 3:1-5)**

Hoewel die Here nog in daardie dae direk met mense gepraat het, het daardie soort openbarings reeds in Eli se tyd skaars geword. Waarom? Kyk weer 'n slag na die gesindheid wat Eli se seuns geopenbaar het. As hulle nie geweier het om na God te luister nie, dan het hulle inhaligheid en gierigheid weer gesorg dat hulle glad nie met Hom gemeenskap kon hê nie.

Om te luister en te reageer is van die allergrootste belang in 'n mens se verhouding met God. Hy praat dalk nie altyd hoorbaar met ons nie, maar Sy stem is nog net so duidelik in Sy Woord.

Wanneer God met ons praat, moet ons bereid en gereed wees om na Hom te luister en te reageer op wat Hy sê. Ons moet, net soos Samuel, bereid wees om vir Hom te sê: "Praat, Here, U dienaar luister."

9 Mei**1 Samuel 5:1-7:17****Oordenking: Die verlossing by Mispa. (1 Samuel 7:2, 3)**

Israel was vir twintig jaar lank reeds in droefheid gedompel. Die ark was êrens in 'n huis, vergeete, soos iets wat niemand meer wou hê nie, en dit het vir die volk gelyk asof die Here heeltemal van hulle vergeet het. Samuel, wat toe al 'n groot man was, het hulle wakker geskud deur te sê dat, as hulle waarlik berou het, hulle iets daaromtrent moes dóén. Hoe maklik is dit nie vandag ook vir ons om oor al ons probleme te kla - selfs ons lot by God te bekla - terwyl ons eenvoudig weier om iets daaromtrent te doen, om te verander, en te begin doen wat God van ons verlang nie. Ons aanvaar dan nie eens die raad wat Hy alreeds aan ons gegee het nie. Voel dit soms vir jou asof God jou verlaat het? Gaan kyk dan weer of daar nie dalk iets is wat Hy jou beveel het om te doen nie. Hy sál jou dalk nie verder lei voordat jy nie eers op Sy vorige leiding gereageer het nie.

10 Mei**1 Samuel 8:1-9:27****Oordenking: Die Israeliete vra 'n koning. (1 Samuel 8:19, 20)**

Israel is deur God geroep om 'n heilige nasie te wees, uniek en afgesonder van al die ander rondom hulle (Levitikus 20:26). Nou het hulle egter om 'n koning gevra - sodat hulle ook kon wees soos al die nasies rondom hulle. Dit was heeltemal teenstrydig met God se oorspronklike plan. Die feit dat hulle om 'n koning gevra het, was nie op sigself verkeerd nie, maar wel die redes wáárom hulle om een gevra het.

Ons laat so dikwels toe dat ons eie gesindhede en gedrag bepaal word deur die waardes en gedrag van ander mense. Het jy al ooit 'n verkeerde keuse gemaak omdat jy ook "soos al die ander" wou wees? Waak daarteen dat die waardes van vriende en "helde" jou nie dalk weglei van die dinge wat in God se oë reg is nie. As God se kinders soos ongelowiges wil wees, is hulle geestelik op die afdraende pad (3 Johannes:11).

11 Mei**1 Samuel 10:1-11:15****Oordenking: Saul word koning. (1 Samuel 10:24)**

Saul, wat maar kort tevore nog 'n boerseun was en agter sy donkies moes aanloop, was nou koning. Hy was 'n lang, aantrekklike en jong man, maar dit lyk nogtans vir ons vreemd dat God hóm juis as koning gekies het - hy het immers nie oor besondere geesteskrag beskik nie, en hy was skynbaar nie eens 'n godsdienstige mens nie. Maar God se keuses stem nie altyd met menslike verwagtinge ooreen nie. Hy mag selfs besluit om nié die een wat die beste toegerus is vir 'n taak te kies nie, want Hy soek die een uit wat aanpas by Sy groot en omvattende plan vir alle mense. Dit beteken dus dat Hy soms selfs 'n swak leier oor 'n volk sal aanstel, sodat daardie volk 'n baie waardevolle les kan leer. God kies jou dalk om 'n groot en belangrike taak te verrig - of dalk kies Hy iemand wat op die oog af glad nie daarvoor toegerus is nie. Wat ook al gebeur, jy moet altyd na God se groter doel en plan soek en dit probeer raaksien.

12 Mei**1 Samuel 12:1-13:22****Oordenking: Samuel se afskeidsboodskap. (1 Samuel 12:23)**

Is dit 'n sonde as 'n mens nalaat om vir ander te bid? Uit Samuel se woorde lei ons af dat dit wel 'n sonde is. Uit Samuel se optrede sien ons dat God se kinders ernstig aandag moet gee aan die volgende twee verantwoordelikhede: (1) hulle moet gedurig vir ander bid (Efesiërs 6:18), en (2) hulle moet ander leer hoe hulle op die regte manier tot God kan kom (2 Timoteus 2:2). Samuel het nie die volk se versoek om 'n koning goedgekeur nie, maar hy het hulle nietemin die versekering gegee dat hy sou aanhou om vir hulle te bid en hulle te leer. Ons mag dalk ook van iemand verskil, maar ons moet nietemin aanhou om vir hom of haar te bid. Samuel het ook ongeduldig begin raak met Saul, omdat hy die oplossing in militêre optrede, en nie in geestelike optrede nie, gesien het. Saul het dikwels geestelike pligte nagekom omdat hy dit as sy plig beskou het, en nie omdat hy in sy hart behoefte daaraan gehad het, of dit opreg bedoel het nie. Samuel het gehoop dat die Here sy gebede sou verhoor en Saul sou verander.

13 Mei**1 Samuel 13:23-14:52****Oordenking: Jonatan verras die Filistyne. (1 Samuel 14:6)**

Jonatan en sy wapendraer was beslis nie 'n mag wat enige indruk sou maak op die magtige Filistynse leër nie. Maar hulle was nie bang soos al die ander nie. Nee, hulle het op God vertrou en hulle het goed geweet dat die omvang van die Filistynse leër niks te doen het met God se vermoë om hulle te help nie. God het die twee se onwrikbare geloof met 'n geweldige oorwinning beloon. Het dit al ooit vir jou gevoel asof jy deur die vyand omsingel is of voor probleme te staan gekom het wat eenvoudig vir jou te groot is? Ons God skrik nooit vir die vyand se grootte of die ingewikkeldheid van 'n probleemsituasie nie. By Hom is daar altyd genoeg krag om die druk te weerstaan en jou probleme op te los. As God jou tot optrede geroep het, stel dan die krag wat jy het tot Sy beskikking, en vertrou verder dat Hy aan jou die oorwinning sal gee.

14 Mei**1 Samuel 15:1-16:23****Oordenking: Saul as Koning verwerp. (1 Samuel 15:22, 23)**

Hier sien ons vir die eerste keer in die Bybel die gedagte dat gehoorsaamheid beter as offerande is, 'n gedagte wat telkens herhaal word (Psalm 40:6-8; 51:18, 19; Spreuke 21:3 - Jesaja 1: 11-17; Jeremia 7:21-23; Hosea 6:6; Miga 6:6-8; Matteus 12:7). Het Samuel met dié woorde bedoel dat offerandes onbelangrik was? Nee, hy wou hê dat Saul moes nadink oor sy motiewe, oor die rede waarom hy offers bring, eerder as oor die offer self. 'n Offer was in daardie dae 'n rituele ooreenkoms tussen God en mens - die sigbare bewys dat hulle in 'n bepaalde verhouding teenoor mekaar staan. As die mens egter nie waarlik berou gehad het oor sy sondes nie, of as hy God nie waarlik liefgehad het nie, dan was die offerseremonie 'n leë ritueel. Godsdienstige seremonies of rituele wat nie uit opregte liefde en gehoorsaamheid voortspruit nie, is altyd leeg. Om bloot "godsdiensdig" te wees, om kerk toe te gaan, te bid en bydraes vir liefdadigheid te gee, is nie genoeg as ons optrede nie uit liefde en gehoorsaamheid aan God spruit nie.

15 Mei**1 Samuel 17:1-58****Oordenking: Dawid en Goliath. (1 Samuel 17:26)**

Hoe 'n groot verskil maak perspektief tog nie! Saul kon net die reus raaksien, maar die jong Dawid het 'n sterflike man gesien wat die almagtige God uitdaag en teenstaan. Hy het geweet dat hy nie alleen teen Goliath sou veg nie, want God sou saam met hom teen die reus veg. Hy het die hele situasie uit God se oogpunt benader. As ons alle onmoontlike situasies uit God se oogpunt wou benader, dan sal ons in staat wees om reuse-probleme in die regte perspektief te sien.

16 Mei**1 Samuel 18:1-19:24****Oordenking: Jonatan pleit by Saul vir Dawid. (1 Samuel 19:23)**

Jonatan het Dawid verdedig (19:4, 5) en Mikal het hom gehelp om te ontsnap (19:11-17); Samuel het hom laat wegkruip (19:18), en die Gees van God het Saul se soektog na Dawid onderbreek (19:23). Al hierdie dinge het Dawid teen beserings en die dood beskerm. Dit was natuurlik meer as blote toeval dat dit so gebeur het. Dit was die werk van God. As jy beskerm word teen ongeluk en probleme, moet jy besef dat God dalk besig is om jou te beskerm omdat Hy 'n bepaalde doel met jou het.

17 Mei**1 Samuel 20:1-21:15****Oordenking: Dawid vertel 'n leuen. (1 Samuel 21:2)**

Dawid het gelieg in 'n poging om homself teen Saul te beskerm (21:10). Daar is mense wat sê dat hierdie leuen verskoon moet word aangesien daar 'n oorlog gewoed het en dit tog enige goeie soldaat se plig is om die vyand te mislei. Ons lees nêrens dat Dawid se leuen verskoon word nie. Die teendeel is eerder waar, aangesien sy leuen tot die dood van 85 priesters gelei het (22:9-19). Dawid se wit leuentjie was op die oog af onskuldig en skadeloos, maar dit het tot 'n tragedie gelei. Die Bybel stel dit baie duidelik dat dit verkeerd is om te lieg (Levitikus 19:11). Die Here beskou alle sondes - ook leuens - in 'n baie ernstige lig, en alle sondes kan baie nadelige gevolge hê. Ons moet dus nie probeer om die sonde nietig te maak nie, en ons moet dit ook nie in kategorieë probeer indeel nie. Ons moet alle sondes vermy, of ons nou vooraf kan sien dat dit ernstige en nadelige gevolge gaan hê, of nie.

18 Mei**1 Samuel 22:1-23:28****Oordenking: Saul wil Dawid doodmaak. (1 Samuel 23:7)**

Toe Saul hoor dat Dawid in 'n ommuurde stad toegesluit was, het hy gereken dat die Here vir Dawid in sy hand gegee het. Hy wou hom so graag doodmaak, dat hy enigiets sou beskou het as 'n teken dat God goedkeur wat hy doen, en dat hy maar met sy planne kon voortgaan. As Saul vir God beter geken het, sou hy geweet het wat Hy wou hê en dan sou hy beslis nie sommer enige situasie geïnterpreteer het as God se goedkeuring van sy moordplanne nie. Nie alle geleenthede kom van God nie. Ons wil dalk so graag iets in ons lewe hê, dat ons sommer blindelings aanvaar dat geleenthede om dit te bekom, van God af kom. Ons sien egter duidelik uit Saul se verhaal dat dit nie die geval is nie. Geen geleentheid om iets te doen wat strydig is met God se wil, kan van Hom af kom nie, want Hy kan en sal ons nooit in die versoeking lei nie. As jy dus gulde geleenthede gebied word, moet jy jou eie motiewe altyd baie deeglik ondersoek. Maak seker dat jy besig is om God se wil te doen, en nie maar net jou eie nie.

19 Mei**1 Samuel 24:1-25:44****Oordenking: Dawid spaar Saul se lewe. (1 Samuel 24:5)**

Dawid het nog steeds hoë agting vir Saul gehad, al wou die koning hom doodmaak. Al was Saul opstandig teen God, en al het hy baie sonde gedoen, het Dawid nog die nodige agting gehad vir sy posisie aangesien hy deur God self as koning aangewys en aangestel is. Dawid het geweet dat hyself eendag koning sou word, en hy het ook geweet dat dit verkeerd is om die man wat deur God op die troon geplaas is, dood te maak. As hy Saul dus sou vermoor, sou hy besig wees om vir sy eie vyande in die toekoms, 'n voorbeeld te stel.

Ons leer in Romeine 13:1-7 dat God die regering en die leiers in hulle posisies aangestel het. Ons weet dalk nie waarom dit so is nie, maar ons moet ook, soos Dawid, die gesagsposisies van daardie mense respekteer. Daar is egter een uitsondering: God is ons hoogste gesag, en daarom mag geen leier toegelaat word om ons te dwing om God se wet te oortree nie.

20 Mei**1 Samuel 26:1-28:25****Oordenking: Saul raadpleeg 'n dodebesweerster. (1 Samuel 28:7, 8)**

Die Here het die volk van Israel uitdruklik verbied om enigiets te doen te hê met toorkuns, heksery, fortuinvertellery, dodebesweerders of enigiemand wat geeste uit die dood kon oproep (Deuteronomium 18:9-14). Sulke mense moes trouens doodgemaak word (Eksodus 22:18).

Die mense het in die naam van hulle afgode met die okkulte omgegaan en dáár na antwoorde gaan soek as God hulle nie wou antwoord nie.

Daardie mense se magte kom van die Satan en sy bouse geeste. God maak beslis nie Sy wil aan hulle bekend nie. Nee, Hy het in daardie tyd die profete gebruik om Sy wil aan die mense oor te dra en Hy praat vandag deur Sy Woord met ons.

21 Mei**1 Samuel 29:1-31:13****Oordenking: Saul se einde. (1 Samuel 31:4)**

Saul se einde was net soos sy lewe - hy het eenvoudig die reg in eie hande probeer neem sonder om eens aan God te dink, of Hom om leiding te vra. As ons nie nou leef soos wat God wil dat ons moet leef nie, moet ons maar weet dat dit nie later makliker sal word om te verander nie.

Wanneer ons voor die dood te staan kom, sal ons nog steeds op God reageer soos ons ons lewe lank op Hom gereageer het. Al verskil is dat 'n mens jouself dan sal sien soos wat jy regtig is. Hoe wil jy graag eendag die dood tegemoet gaan? Keer jou nou tot God en begin dan om vandag nog reg te lewe.

22 Mei**2 Samuel 1:1-2:17****Oordenking: Dawid se klaaglied oor Saul en Jonatan. (2 Samuel 1:16,17)**

Saul het vir Dawid soveel probleme besorg, en tog het Dawid na sy dood 'n klaaglied oor hom en sy seun gesing. Dawid het meer as genoeg rede gehad om Saul te haat - maar hy het nie.

Nee, hy het die leed wat Saul hom aangedoen het, geignoreer, en in plaas daarvan net gekyk na al die goeie dinge wat die koning gedoen het. Om haat en seerkry opsy te skuif en aan 'n ander eerbied te betoon, verg oneindig baie moed - veral as daardie ander persoon jou nie goedgesind is nie.

23 Mei**2 Samuel 2:18-4:1****Oordenking: Dawid, Abner en Is-Boset. (2 Samuel 3:1)**

Die gebeure van daardie tyd het tot 'n langdurige oorlog tussen die volgelinge van Dawid en dié van Abner en Is-Boset gelei. Die land was in 'n burgeroorlog gedompel en albei kante het ernstige verliese gely. Die ontstaan van die burgeroorlog moet toegeskryf word aan die feit dat Israel en Juda nie meer God se doel en plan raakgesien het nie, want dit was van die begin af Sy plan dat hulle in die land gaan woon (Genesis 12:7), die Kanaäniete uitdryf (Deuteronomium 7:1-4), en in gehoorsaamheid aan Sy wette lewe (Deuteronomium 8:1). Maar in plaas daarvan dat hulle God se plan uitgevoer het, het hulle teen mekaar oorlog gemaak. As jy in 'n konfliktsituasie beland, word dan stil en vra jouself af of jy en jou vyand nie dalk gesamentlike doelwitte het wat groter en belangriker as die verskille is nie.

24 Mei**2 Samuel 4:1-6:23****Oordenking: Dawid bring die ark na Jerusalem. (2 Samuel 6:20)**

Mikal was so begaan oor Dawid se onwaardige optrede, dat sy glad nie eens bly was dat die ark in die stad terug was nie. Vir haar het die klem op die uiterlike dinge gelê, terwyl die innerlike, d.w.s. sy gesindheid teenoor God, weer vir Dawid belangrik was. Dit het hom nie ontstel as ander mense dink hy is belaglik nie - solank hy die Here net op 'n eerlike en opregte manier en met oorgawe kon dien en aanbid. Ons mag ook soms dink dat die manier waarop ander godvresende mense aanbid, vreemd of belaglik is, omdat hulle tot 'n ander kultuur as ons behoort. Ons moet die manier waarop hulle in opregtheid aanbid aanvaar, en ook bereid wees om uiting te gee aan ons eie liefde vir God, al is daar ander mense teenwoordig.

25 Mei**2 Samuel 7:1-8:18****Oordenking: Dawid werk vir God. (2 Samuel 8:15)**

Die mense was tevrede met alles wat Dawid gedoen het (2 Samuel 3:35, 36), nie omdat hy probeer het om hulle tevrede te stel nie, maar omdat hy deurgaans probeer doen het wat reg en goed was voor God. Dit gebeur dikwels dat dié mense wat die hardste probeer om gewild te wees, nooit daarin slaag nie. Jy moet altyd onthou dat die lof van mense nie regtig belangrik is nie. Moenie kosbare tyd bestee om gewildheid onder mense te probeer wen nie. Streef eerder daarna om te doen wat reg is, dan sal God én die mense respek hê vir jou optrede en beginsels.

26 Mei**2 Samuel 9:1-11:27****Oordenking: Dawid pleeg owerspel en moord. (2 Samuel 11:3, 4)**

Dawid het van die paleis se dak af 'n beeldskone vrou gesien bad, en dit het hom met wellus vervul. Hy moes net daar in die paleis in gegaan en van die versoeking af gevlug het - maar hy het nie. Hy het dit versterk deur navraag te doen oor Batseba. En ons weet wat die verskriklike en tragiese gevolge was van die versoeking wat hy in sy hart gekoester het.

As jy van enige versoeking wil wegvlug, kan jy die volgende doen: (1) vra God opreg in die gebed om jou te help om die mense, plekke en situasies wat jou in die versoeking stel, te vermy. (2) Memoriseer Skrifgedeeltes wat jou ten opsigte van jou besondere swakheid kan help en versterk en dink daarvoor na. Die meeste versoekings ontstaan as gevolg van 'n werklike behoefte of begeerte wat deur God bevredig kan word. (3) Soek dan na 'n ander gelowige met wie jy openhartig oor jou probleme kan praat, en vra daardie persoon om jou te help wanneer jy deur versoekings geteister word.

27 Mei**2 Samuel 12:1-31****Oordenking: Natan kondig Dawid se straf aan. (2 Samuel 12:13)**

Dawid het Psalm 51 in hierdie tyd geskryf en daarin sê hy nie net vir ons meer omtrent sy eie karakter nie, maar sê hy ook vir ons dat daar hoop is. Hoe ellendig skuldig jy ook al voel en hoe verskriklik die sonde wat jy gedoen het ook al is, jy kan jou hart voor God uitstort en Hom, net soos Dawid, om vergifnis vra.

28 Mei**2 Samuel 13:1-39****Oordenking: Amnon oonteer vir Tamar. (2 Samuel 13:14, 15)**

Daar is 'n baie groot verskil tussen liefde en wellus. Amnon se "liefde" vir sy halfsuster het baie vinnig in haat verander nadat hy haar verkrag het. Hy het wel vooraf gesê dat hy haar liefhet, maar in werklikheid is hy deur wellus aangespoor. Die liefde is geduldig, maar wellus wil onmiddellik seksueel bevredig word. Die liefde is sagmoedig, maar wellus is hard en ongevoelig. Die liefde soek nie altyd sy eie belang nie, maar die wellus wél. Jy kan meer omtrent die eienskappe van ware liefde lees in 1 Korintiërs 13.

29 Mei

2 Samuel 14:1-15:22

Oordenking: Dawid laat Absalom terugkeer. (2 Samuel 14:33)

Dawid het halfhartige pogings aangewend om sy kinders op te voed. Hy het Amnon nie gestraf vir sy sonde nie, maar ook nie regtig opgetree toe Absalom vir Amnon vermoor het nie. Toe hy Absalom uiteindelik laat terugkeer het, het hy vir twee jaar lank nooit met hom gepraat nie. Hierdie besluiteloosheid het tot Dawid se ondergang gelei. Sonde wat maar net geïgnoreer word, bring nog meer pyn en ellende as sonde waarop onmiddellik gereageer word.

30 Mei

2 Samuel 15:23-16:23

Oordenking: Simeï vloek vir Dawid. (2 Samuel 16:10-12)

Simeï het vreeslik teen Dawid uitgevaar - en dit terwyl Dawid in werklikheid niks met Saul se dood te doen gehad het nie. Dawid en sy volgelinge het stilgebly en hom maar laat begaan. Dit is soms baie moeilik om 'n mens se waardigheid te behou as jy aan onregverdige kritiek blootgestel word, en dit kan ook tot geweldige emosionele spanning lei. Maar as jy niks aan daardie kritiek kan doen nie, is dit beter om dit eenvoudig te ignoreer. Jy moet ook, soos Dawid, onthou dat God weet wat jy moet verduur en dat Hy reg aan jou sal laat geskied as jou kant van die saak skoon is.

31 Mei

2 Samuel 17:1-29

Oordenking: Absalom luister na vleitaal. (2 Samuel 17:11)

Gusai het Absalom met vleitaal probeer manipuleer, en Absalom het in die strik van sy eie ydelheid getrap. Gusai het voorspel dat Absalom 'n groot oorwinning sou behaal as hy self die mag teen Dawid aanvoer. Maar die woorde: "op selfverheffing volg ineenstorting" (Spreuke 18:12), gee 'n goeie beskrywing van wat met Absalom gebeur het.